**SENWES BEPERK**
**(Registrasienommer 1997/005336/06)**
**(hierinlater verwys na as “Senwes”)**

**Aanbod vir die omskepping van AgriRewards voordele 2025: Kennisgewing van ‘n vrywillige Aanbod aan AgriRewards Deelnemers om AgriRewards voordele in Senwes Aandele te omskep (“die Aanbod”)**

Vanaf Maandag, 20 Oktober 2025 sal AgriRewards Deelnemers die geleentheid gegun word om die opgelope kontantvoordele in die AgriRewards Skema teen die huidige waarde daarvan in aandele in Senwes te omskep teen 'n omskeppingsprys van R21,00 (een en twintig rand) per aandeel, opgerond deur gebruik te maak van konvensionele rondingsmetodes. AgriRewards Deelnemers sal elkeen ‘n individuele Aanbod met volledige besonderhede ontvang.

Senwes Capital (Edms) Beperk, ‘n volfiliaal van Senwes, hou ‘n aantal aandele in tesourie wat geallokeer en oorgedra sal word aan Deelnemers wat kies om die Aanbod te aanvaar.

Die reg om deel te neem aan die omskepping van die AgriRewards Voordele is beperk tot AgriRewards Deelnemers soos op die Rekorddatum. AgriRewards Deelnemers wat die keuse uitoefen om hierdie Aanbod te aanvaar, sal dit slegs kan doen vir die volle omvang van hul AgriRewards Voordele en nie net vir 'n gedeelte daarvan nie. Die belangrikste datums en tye is as volg:

| | **2025** |
|---|---|
| **Aankondiging van Aanbod** | 17 Oktober |
| **Rekorddatum om te bepaal welke AgriRewards Deelnemers die aanbod mag ontvang** | 30 April |
| **Verspreiding van die Aanbod** | 17 Oktober |
| **Openingsdatum en-tyd van die Aanbod** | 20 Oktober om 9:00 |
| **Sluitingsdatum van keuse om Senwes Aandele om te skakel** | 21 November om 17:00 |
| **FICA-dokumentasie** | **Moet voorsien word voor die Sluitingsdatum** |
| **Implementeringsdatum** | 1 Desember |
| **Aandele word oorgedra na AgriRewards Deelnemers** | 1 Desember |
| **Aankondiging met betrekking tot resultate van die Aanbod** | 2 Desember |

**Alle tye wat verskaf word is Suid-Afrikaanse plaaslike tye. Gemelde datums en tye is onderworpe aan verandering. Enige veranderinge sal op die Senwes webblad aangekondig word (senwes.co.za/rewards)**

In opdrag van die Raad van Direkteure.

*EM Joynt (Mev)*
*MAATSKAPPYSEKRETARIS*
*Tel nr. (018) 464 7104*
*Klerksdorp*
*17 Oktober 2025*